BEELD Pretoria
11 Oct 2005
Page : 15 #

SA leier vir menseregtegroep

Sarel van der Walt

Londen. – Lord Johan Steyn, 'n voormalige Suid-Afrikaner wat 'n regsgeleerde lord in Brittanje geword het, word vandag voorsitter van die Britse menseregtegroep Justice.

Die 73-jarige Steyn, 'n oudstudent van die universiteite van Stellenbosch en Oxford, het verlede maand as 'n lid van die Britse hoërhuis se regterlike komitee afgetree.

Hy was bekend as een van die voorste lede van dié komitee se liberale vleuel.

Steyn, 'n openlike kritikus van die huidige Britse regering se menseregterekord en voorgestelde terroriste-wetgewing, het in 'n onderhoud met die Britse dagblad *The Independent* wat gister verskyn het, gesê hy sal vandag " 'n woord of twee oor Irak" sê.

Mnr. David Blunkett het verlede jaar toe hy nog minister van binnelandse sake was, beswaar aangeteken teen Steyn se teenwoordigheid in 'n kommissie van nege regsgeleerde lords wat 'n saak aangehoor het oor die aanhouding van verdagte buitelandse terroriste.

Steyn glo dit was die gevolg van sy kritiek op die Britse regering se stilswye oor die Amerikaners se aanhouding van verdagte terroriste by Guantanamobaai.

Hy het dit in die onderhoud duidelik gemaak dat regters nie "diensknegte van die regering" is nie, maar in hul eed aan die koningin as staatshoof beloof het om die publiek se belange voorop te stel. Steyn het in 1973 na Brittanje gekom en in 1985 'n regter geword.